

Plaagdoderhouers

Dr Gerhard H Verdoorn
CropLife Suid-Afrika

vanaf die plaas na die tuinwoonstel

Gehalte van plaagdoderhouers

Die meeste plaagdoders wat in Suid-Afrika vervaardig en gebruik word, word in plastiekdromme verpak wat in grootte wissel van 100 ml tot 20 liter. Dit wat in landbou gebruik word is meestal 1 liter of groter. Hierdie tipe plastiekhouders moet noodwendig stewig wees en die vervaardigers daarvan gebruik baie goeie hoë-digtheid poliëtileen vir die vervaardiging van die houders. Wet No. 36 van 1947 wat alle plaagdoders beheer, skryf voor dat plaagdoderhouers stewig moet wees en nie lek as die plaagdoder oorgegiet word nie. As mens 'n 20 liter houder optel en dit besigtig, dan slaan die kwaliteit sommer so met die eerste oogopslag deur. Meeste van die plastiekhouders is gefluorineer, met ander woorde die binneste oppervlakte word met 'n laag fluoor bedek wat die plastiek inert (onaktief) maak en verseker dat die plaagdodermolekules nie die plastiek binnedring nie. Leë plaagdoderhouers moet op die regte wyse hanteer word – vanaf die plaas na die tuinwoonstel

Hergebruik van plaagdoderhouers

Die goeie gehalte van plaagdoderhouers skep die indruk dat die houder vir iets anders gebruik kan word sodra dit leeg is, maar wêreldwyd word die beginsel gehandhaaf dat leë plaagdoderhouers nie hergebruik mag word nie. Daar is verskeie redes daarvoor, onder andere:
As daar enige plaagdoder in die houder agterbly na gebruik, kan dit enige iets wat in die houder geplaas word, kontamineer met moontlike ernstige nagevolge vir mense en die omgewing. Dit het al gebeur dat 'n hele familie plaaswerkers omgekome het omdat hulle kookolie in 'n leë plaagdoderhouer geberg het. Insidente soos dit is genoeg om mens te laat besef dat geen voedsel of drinkgoed ooit in leë plaagdoderhouers geberg moet word nie. As ander plaagdoders in sulke leë houders verpak word, is daar kontaminasie wat gewasse kan beskadig. Gestel byvoorbeeld 'n houder wat 2,4-D bevat het, word gebruik vir 'n insekdoder: die gevolge vir 'n groenteboer sal katastrofies wees.

Die enigste aanvaarbare gebruik van leë plaagdoderhouers is om dit te verwerk na ander produkte wat nie as houers gebruik word nie. Items soos palette, besproeiingspype, tuinmeubels, heiningmateriaal en kratte word vanuit die plastiek vervaardig wat van leë plaagdoderhouers afkomstig is.

Proses van reiniging en herwinning 'n Leë plastiek plaagdoderhouer kan gemaklik op die plaas gereinig word, verkieslik by die plek waar die plaagdoder in die spuittenk gemeng word. Die volgende stappe word aanbeveel om 'n houer heeltemal skoon te maak:

Na die laaste plaagdoder in die spuittenk oorgegiet is, hou die bek van die kan oor die spuittenk se opening en roteer die kan vir 30 sekondes sodat al die oorblywende plaagdoder kan uitloop.

Gooi dan een kwart van die houervolume skoon water in die houer, skud vir dertig sekondes en giet die spoelwater in die spuittenk oor.

Herhaal die spoelproses twee keer. Die plastiekhouer is nou drie keer gespoel en as daar enige plaagdoderresidu oorbly is dit minder as 0.0003% van die oorspronklike volume.

Kap of sny dan gate in die houer en droog die houer in die son.

Maak dan gebruik van die dienste van een van die CropLife Suid-Afrika goedgekeurde diensverskaffers wat op www.croplife.co.za onder Waste Management Programme gelys is. Hulle reik sertifikate van voldoende wegdoening vir boere uit wat dit vir audits soos GlobalGAP benodig.

Pasop vir die sluipers

Daar is ongelukkig individue wat die mark met gure bedoelings betree en leë houers by boere wegneem onder valse voorwendsels en dan die houers verkoop. Dit is nie alleen oneties nie, maar skep 'n gevaar soos reeds verduidelik. Boere moet aandring dat die diensverskaffers hul CropLife SA sertifikate van goedkeuring vertoon. Elke goedgekeurde verwerker het sy of haar eie registrasienommer wat duidelik op die sertifikaat aangedui word. Die sertifikate het almal vervaldatums, naamlik die laaste dag van die kalenderjaar, 31 Desember. As iemand nie so 'n sertifikaat het nie, is dit onwenslik

om leë houers aan die persoon te verskaf. Kyk na die voorbeelde van die sertifikaat van goedkeuring sowel as die sertifikaat van voldoende wegdoening en maak seker alles is in orde. As daar enige twyfel bestaan kontak CropLife SA by 082 446 8946 (Gerhard Verdoorn) vir uitklaring.

Uitgediende praktyke

In die ou dae was dit standaard praktyk om leë houers te begrawe of te verbrand. Die brand van leë houers is sinneloos want dit vernietig 'n waardevolle materiaal en omdat die temperatuur van so 'n plaasvuur relatief laag is, verbrand die plastiek onvolledig en skei giftige gasse af. Dit skep natuurlik ook 'n negatiewe koolstofvoetspoor as hierdie tipe materiaal onnodig verbrand word. Daar is gevalle waar gekontamineerde houers verbrand is en die toksiese dampe die boer se kosbare beeste doodgemaak het. Vuur en leë plaagdoderhouers is dus taboe.

As leë houers begrawe word "leef" daardie plastiek vir jare in die grond voor dit stadig verbrokkel en oor die aarde heen die omgewing met mikro-plastiek besoedel. Weereens is dit ongewens om die plastiek te begrawe want dit kan herwin word vir ander gebruike. Ons dae van besoedeling is getel; daar is bloot te veel mense op die aarde met te min bewerkbare grond om nog die laaste bietjie skoon aarde te besoedel.

CropLife Suid-Afrika is die stem en advokaat vir die Suid-Afrikaanse plantkunde-bedryf. Die Vereniging dien sy lede en verbruikers om volhoubare voedselproduksie en voedselsekerheid te verseker, terwyl hoë vlakke van omgewingsversoening gehandhaaf word

Dr Gerhard Verdoorn
gerhard@croplife.co.za,
082-446-8946

